# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 12 FEBRUARIE 2023

Matteus 5:17-24 | Hoe regeer God in jou lewe?

**Oggenddiens** om 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (1)

**Familiediens** om 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Schoombie (9)

**Meditatiewe diens** om 09:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Dietmann

**Aanddiens** om 18:00 in die kapel en aanlyn | Ds. Potgieter

## BASAAR | VRYDAG 3 MAART 16:00

- Ons benodig **helpers** wat diensbeurte by kosstalletjies sal waarneem. Kontak Karen Visagie by 082 827 9389 indien jy kan help.
- **Witolifanttafel** is op soek na enige artikels wat in onbruik verval het. Gee asb. huisware, boeke, gereedskap, ens. weeksdae tussen 08:00 en 14:00 by die kerkkantoor af.
- **Donasies** help ons om die koste van etes laag te hou. Kontantbydraes kan elektronies oorbetaal word met BASAAR as verwysing. Bestanddele soos meel, olie, eiers, kaneel, kleefwerende spuitmiddel en foelie sal waardeer word. Gee bydraes by die kerkkantoor af.
- Bring jou eie **plastiekhouers** saam na die basaar. Ons wil graag die gebruik van polistereenhouers drasties verminder en moedig lidmate aan om hulle eie houers saam te bring waarin wegneemetes verpak kan word.
- **Teetuin**, sal alle skenkings van koek, kolwyntjies, muffins, terte, melk, tee en koffie baie waardeer. Kontak Christine Morsbach by 082 353 9917 indien jy kan help.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFER

**Kosprojek**

Die gemeente se kosprojek verleen voedselhulp aan gesinne wat finansiele nood beleef.

## JONGWERKENDES *GAMES NIGHT*

Indien jy nog nie planne vir Valentynsaand het nie, sluit gerus by ons *games night* vir jongwerkendes aan. Jy is welkom met of sonder 'n metgesel. Bring 'n piekniekmandjie met versnaperinge saam, wyn word voorsien. Sien jou 18:00 tot laat, in die markplein.

## IMAGINE JEUGFEES | 18 TOT 20 MAART

Die Imagine Jeugfees is terug en ons nooi jongmense en tieners tussen 13 en 18 jaar oud om aan die unieke geleentheid in Bredasdorp deel te neem. Tieners van regoor die provinsie kom byeen vir 'n naweek van aanbidding en pret. Leiers van alle ouderdomme word ook benodig. Om in te skryf, skandeer die Annibrand Senior se QR-kode op die agterblad en en klik op die skakel.

## GELEENTHEID VIR BELYDENISAFLEGGING

Daar is op Sondag 23 April geleentheid om jou geloof tydens die aanddiens om 18:00 te bely. Die belydeniskamp is 14-16 April.

Stuur 'n e-pos aan sunet@stellenberg.co.za.

## TIENDEMAANDINSAMELING

Ons beker van dankbaarheid loop oor nadat die tiendemaandinsameling die begrote mikpunt oorskry het. Die totale bedrag van R1 412 400 is ingevorder. Dit beloop R112 000 meer as waarvoor begroot is. Ons is opreg dankbaar teenoor elke lidmaat wat tot die insameling bygedra het en met elke dankbaarheidsoffer die Here se werk en koninkryk op dié tasbare wyse ondersteun het.

## KLAVIERBEGELEIDING EDELWEISS

Dr. Theo Swart is op soek na iemand wat sporadies op Sondae, tydens huisdienste, die klavierbegeleiding kan behartig. Kontak hom asseblief by tswart@netactive.co.za/083 457 1647 indien jy kan help.

### ANNIBRAND JUNIOR

Graad 1-3: Kleinsaal

Graad 4-6: Grootsaal

Graad 7: Jeuglokaal

### ANNIBRAND SENIOR

Kleingroepe na afloop van die aanddiens om 18:00.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 16 Feb. 15:00 in die braaikamer.

Psalm 81: As hulle maar na MY geluister het . . .

Sondag 19 Feb.

Nagmaal om 17:30 in sitkmer.

Johannes 6: Kry by MY!

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

## WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

Dinsdag 28 Februarie 2023 om 18:30 in die kapel.

Die skrywersland vanjaar is Taiwan.

Efesiërs 1:15-23 | Ek het van julle geloof gehoor. Kom bid saam met vrouens van regoor die wêreld.

## MICHANGE-KOEPONNE

Maak 'n verskil in iemand se lewe deur 'n Michange-koepon @ R50 by die kerkkantoor te koop en aan 'n hawelose persoon te skenk. Met dié koepon kan die ontvanger 'n ete, 'n warm stort, slaapplek en berading ontvang.

## VATVYF-BYEENKOMS

Ons nooi alle lidmate bo 60 jaar oud na 'n gesellige kenmekaar en vrugtefees op Woensdag 15 Februarie om 10:00 in die markplein. Toegang is gratis en ons verwelkom graag nuwe lidmate. Bespreek asb. jou plek teen 13 Februarie by Charlotte, 021 976 4519.

15 Maart: Praatjie oor gidshonde (gratis).

19 April: Besoek Evita se Perron in Darling.

## NUWE INTREKKERS

Ons wil graag alle nuwe lidmate wat by die gemeente aansluit, persoonlik verwelkom. Stuur asseblief 'n e-pos aan anneke@stellenberg.co.za om ons in kennis te stel dat jy by die gemeente aansluit, of voltooi die nuwe-intrekkervorm op die webwerf, of skakel die kerkkantoor by 021 976 4519.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel, tydens die skoolkwartaal. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste is ook beskikbaar. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

## KOFFIE EN KRUMMELS-KOFFIEWINKEL

Vier Valentynsdag by Koffie en Krummels-koffiewinkel met 'n spesiale aanbod waar jy soveel pizza as wat jy wil, kan eet. Koste R165 per persoon en R59 vir kinders onder 12 jaar. Kaartjies vir die aanbod is te koop by info@coffeeandcrumbs. co.za.

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE OP JOU SELFOON

Skandeer enige van die QR-kodes om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang. Jy kan die bulletin, geestelike dagstukke en algemene nuus op jou selfoon ontvang deur die QR-kode met jou selfoonkamera te skandeer, klik dan op die geel skakel wat op die skerm verskyn en kies die groep, of groepe waarby jy wil aansluit.

**Gemeente se WhatsApp-groepe**

**Jong volwassenes en studente**

**Annibrand Junior Laerskool-kategesegroepe**

**Annibrand Senior Hoërskool-kategesegroepe**

### EDELWEISS DIENSSENTRUM

Pensioenarisse word uitgenooi om as buitelede van die sentrum aan te sluit teen lidmaatskap van R70 per jaar.

Vrywilligers wat by die dienssentrum betrokke wil raak, word ook benodig. Kontak die sentrum gerus by 021 976 1150.

### VAKATURE

### MUSIEKLEIER

### NG Kerk Bellville-Riebeeck

'n Kreatiewe musiekleier wat begeleiding van sang met orrel en klavier kan behartig, word benodig.

Stuur 'n CV na

kktoor@ngkbriebeeck.co.za

Navrae:

072 732 3172.

Sluitingsdatum 17 Feb.